**Huiswerkvel 15 (Hoofstuk 8)**
**Lees ’n spotprent**

**Memorandum**

15.1 Hoe word die teenwoordigheid van die leeu verklaar? (1)
*Die koerant op die vloer voor die bed vertel van die ontsnapte leeu.*

15.2 Watter aanduiding is daar dat die huis nie krag het nie? (1)
*Kerse, flitslig, battery-radio [enige een]*

15.3 Wat is snaaks omtrent die vrou se woorde? (1)
*Sy dink sy vat aan haar man.*

15.4 Die muis se kommentaar in die hoek regs onder kan letterlik en figuurlik verstaan word. Verduidelik. (2)
*Letterlik: Die oom se hare en baard gaan letterlik geknip word.*
*Figuurlik: Daar gaan moeilikheid wees. (Die hare gaan waai ...)*

15.5 Hoekom loop die oom so versigtig weg? (1)
*Hy is bang die leeu word wakker./ Hy het die leeu in die bed gesit.*

15.6 Watter bewys is daar dat die leeu direk in die kamer kon ingekom het? (1)
*Die skuifraamvenster is oop.*

15.7 Dink jy dit wat hier uitgebeeld word, is moontlik? Motiveer jou antwoord. (1)
*Ja, as die oom die tannie wou bangmaak/terugkry vir iets kon hy die leeu verdoof het en in die bed gesit het.*
*Nee, ’n leeu kan nie so in ’n bed inklim en soos ’n mens lê nie.*

15.8 Kyk of jy die taalfout in die spraakborrel kan opspoor. (1)
*Die woord “te” is onnodig*

15.9 Waarvan kan jy aflei dat die oom dalk ’n jagter is? (1)
*Daar is ’n gebreide bokvelletjie op die vloer.*

15.10 Verduidelik die humor in die spotprent. (2)
*Die vrou dink dit is haar man wat langs haar lê terwyl dit eintlik die gevaarlike leeu-mannetjie, wat almal soek, is./Die vrou is houtgerus dat dit haar man is aan wie sy raak en vir wie sy vra om sy hare en baard te laat sny.*

15.11 Woordeskatuitbreiding - verduidelik die betekenis van:
15.11.1 op hol gehad (1)
*Hulle was paniekerig/opgewonde/bang.*
15.11.2 lig geslaap (1)
*Was versigtig om te diep te slaap*
15.11.3 op vrye voet (1)
*Het buite gevangeskap rondgeloop.*

Totaal: 15